DEEL 117 | WEEK 11 | 14 MAART 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Vullisterrein steeds in haglike toestand



AfriForum se onlangse oudit van vullisterreine in die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit toon dat min tot geen verbeterings aangebring is sedert die organisasie verlede jaar aanbevelings gemaak het nie. Spesifiek in Heilbron en Parys bly die toestand uiters swak, met ernstige gesondheids- en omgewingsrisiko's. Volgens AfriForum het beide vullisterreine nie wettige lisensies nie en is dit nie behoorlik omhein nie. Daarbenewens besoedel afval die nabygeleë waterbronne en diere beweeg en wei ongestoord tussen die rommel. Die burgerregteorganisasie voer aan dat die verval van hierdie terreine deel is van 'n breër patroon van swak bestuur in die munisipaliteit. Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir Mooirivier, sê die situasie het die afgelope ses jaar drasties versleg. "Munisipale verval is aan die orde van die dag. Die vullisterreine, waterwerke en substasies is duidelike bewyse van 'n munisipaliteit wat sy pligte versuim. Dit is noodsaaklik dat die munisipaliteit onder administrasie geplaas word." AfriForum wag tans op 'n uitspraak in 'n hofaansoek wat in Desember 2024 by die Bloemfonteinse Hooggeregshof ingedien is. Die organisasie het versoek dat die provinsiale regering ingevolge Artikel 139 van die Grondwet ingryp om die munisipaliteit se wanbestuur reg te stel. Daarbenewens eis AfriForum spesifieke ingryping by die munisipaliteit se waterwerke om die bevoegdheid van personeel te verseker. Intussen het AfriForum 'n formele skrywe aan die munisipaliteit gerig oor die kritieke toestand van die vullisterreine. Die organisasie eis dat dringende maatreëls getref word om die gesondheids- en veiligheidsgevare aan te spreek. Indien daar nie teen einde Mei betekenisvolle verbeterings aangebring word nie, behou AfriForum die reg om self in te gryp en alle koste van die munisipaliteit te verhaal. Hoewel die pad by die vullisterrein verlede jaar deur Raubex geskraap en netjies gemaak is, dui inwoners aan dat die grootste probleem, mense is wat onwettig daar woon en vullis herhaaldelik uit voertuie verwyder reeds by die ingang na die terrein. Dit dra verder by tot die wanorde en onhigiëniese toestande. AfriForum se volledige vullisterreinouditverslag, wat 'n omvattende oorsig oor die toestand van vullisterreine landwyd bied, sal later vanjaar gepubliseer word.







HIGH FERT KUNSMIS HF
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

## *Week 4:*

In die vorige uitgawes van die Heilbron Herald was daar gefokus op die fases van hoe liefde ontwikkel, watter liefdestale is daar en hoe om jou eie liefdestaal te identifiseer. Daar word hierdie week op die laaste deel gefokus van die liefdesreeks, en dit is hoe om jou geliefde se liefdestaal te ontdek.

Soos julle die berigte gelees het, is julle bewus van die vyf liefdestale wat daar is: opbouende woorde, geskenke, diensbaarheid, fisieke aanraking & kwaliteit-tyd. Noudat jy jou eie liefdestaal ken, is dit makliker om iemand anders se liefdestaal te bepaal. Om jou eie liefdestaal te ondek help jou verstaan waarom sekere mense jou meer geliefd en gewaardeer laat voel as ander. Liefde kom van twee kante af. Daar is vervulling nie net in die ontvang van liefde nie, maar ook in die gee daarvan.

**1. Let op na hulle uitdrukkings, klagtes en versoeke.**

Wees op die uitkyk van hoe jou geliefde teenoor jou en ander om hom of haar optree. As jy sien jou geliefde sal dinge vir ander doen, dan kan diensbaarheid begin oorweeg word. As jou geliefde gereeld aan jou raak, hetsy 'n omhelsing of 'n spontane hand op die been, kan fisieke aanraking oorweeg word. As jou geliefde gereeld vir jou vertel van hul liefde en hoe baie hulle jou waardeer, kan opbouende woorde dalk net die geval wees. Mense druk hulle primêre liefdestaal uit en is gemaklik daarmee.

Dit sal ook die moeite werd wees om te luister na hul klagtes. Soos in die vorige weke, het ons gesien dat klagtes die direkte teenoorgestelde is van jou liefdestaal. As jou geliefde sy kommer uitspreek omdat julle te min tyd saam spandeer of kla dat die skottelgoed nie gewas is nie, kan dit duidelik sinspeel op wat hulle behoefte is. Hulle wil kwaliteit-tyd saam jou spandeer of hul wil graag hê jy moet iets vir hul doen want diensbaarheid is hul liefdestaal. 'n Ander voorbeeld kan wees dat jou geliefde vra hoekom daar nie 'n geskenk gekoop is vir sy of haar verjaarsdag nie en jy antwoord dat jy die geliefde uitgevat het vir ete, kan die slotsom gemaak word dat jou geliefde hul behoefte van geskenke liefdestaal deel met jou.

Nog 'n manier om jou geliefde se liefdestaal te bepaal is om te luister na hul versoeke. Jou geliefde wil al vir die hoeveelste keer hoor dat hulle goed lyk, wys net dat hulle graag meer na die opbouende woorde liefdestaal beweeg.

**2. Vra vrae.**

Daar is egter 'n bykomende manier om iemand se primêre liefdestaal te ontdek en dit is om vra te vrae. As jy wil weet wat in jou geliefde se hart aangaan, vra hom of haar. Die vrae moet met oorleg gekies word en moet 'n uitdrukking van jou regte begeerte na inligting wees. Dit kan wees dat jou geliefde vir jou sal vra of julle eerder sy of haar verjaarsdag kan saam spandeer as om 'n geskenk te kry. Dit kan wees dat die liefdestaal meer neig na kwaliteit-tyd as na geskenke. Jy kan jou geliefde vra of dit rerig is wat hulle soek en dan op hierdie feit eksploreer. Kommunikasie is een van die liefde se boustene en moenie vergeet om dit te gebruik nie.

**3. Eksprimentering.**

As jy sukkel om jou geliefde se liefdestaal te bepaal, kan eksprimentering dalk net die uitweg wees. Baie mense is nie oop vir sielkundige benaderings nie en voel dat hulle soos boeke gelees word. Die beste sal dan wees om met daardie persoon te gesels oor een van die liefdestale en te kyk hoe die reaksie is. Dit kan wees dat jy vir 'n week besluit om net opbouende woorde te gebruik en te kyk hoe jou geliefde die week optree. Die volgende week kan jy op geskenke fokus en jou geliefde klein tasbare blyke van waardering gee. Dit kan iets wees soos 'n geskenkbewys of 'n foto van julle saam. Gedurende die volgende week kan jy probeer om ten minste een betekenisvolle gesprek met jou geliefde aan te knoop om sodoende die kwaliteit-



tyd liefdestaal te praat. Gedurende die week wat jy die persoon se primêre liefdestaal praat, sal jy 'n verandering sien in die persoon se houding. Hul oë sal verhelder, hulle sal meer waarderend voorkom en hulle sal jou bedank vir dit wat jy gedoen het.

Dit verg tyd, moeite en dinkwerk om iemand anders se primêre liefdestaal te ontdek. Maar as jy jou liefde en waardeering op 'n effektiewe manier wil kommunikeer, is dit 'n lonende belegging. Om iemand anders se primêre liefdestaal te leer praat is om op 'n emosionele vlak te kommunikeer dat jy vir hulle omgee.

Die reis na die ontwikkeling van liefde en wat liefde rerig beteken is met die week se uitgawe van die Heilbron Herald voltooi. Hou gerus die Heilbron Herald weekliks dop vir nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum.

*(Verwerk uit: Vyf tale van die liefde deur Gary Chapman)*

# Neels word te ruste gelê



*Die Gedenkdiens van Neels van Wyk, sal plaasvind Donderdag, 20 Maart 2025 om 11:00 vanuit die NG Kerk Suid, Heilbron.*


FOTOSTATE

Swart / Black


| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

Volkleur / Colour

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald
Office National


# UIT DIE PEN: Week 11



In April 2022 het KZN deurgeloop onder vloede. Ons was 'n week na afloop van die vreeslike reën op pad na die Suidkus. Groot vraghouers het langs die snelweg gelê, uit die pad geskuif. Hierdie houers is vanaf die aangrensende besigheid wat die vraghouers stoor deur die water meegesleur, tot op die snelweg.

Vir my was dit ondenkbaar dat water soveel krag kan hê.

Lank gelede, aan die einde van die 1980's was daar lang en deurdringende reën in die noordwes Vrystaat. In Bothaville het dit dae lank gereën, en net soveel op naburige dorpe. Dit klink my dat daar ongeveer 200 mm in 48 uur gemeet is. En dit was net vir twee dae.

Die Valsrivier, wat deur Kroonstad loop en uiteindelik sy opwagting in Bothaville maak, was in vloed. Die vorige vloed was in 1974. Maar blykbaar was 1988 se vloed net so erg.

Die hele vloed het oor 'n naweek geduur. (Hoe dan nou anders?) Ons sou die Maandag Skeinattoets of eksamen geskryf het. Saterdagmiddag gons dit die hele dorp vol: die Valsrivier is besig om sy walle te oorstroom, en ons moet gaan help. Boere kon nie meer die dorp vanaf Alanridge se kant af inkom nie omdat die brug ook onder water was.

Soos een man het ons rivier se kant toe gery. Mense het met hulle kano's en roeibote op die rolbalbaan geroei.

Verder, na die huise se kant toe, was daar verskeie vragmotors en bakkies wat die inwoners kom help trek het. Waarnatoe die trek moes gaan, is sommer so op straat bespreek.

Al die skoolkinders in die dorp het gehelp. Sommige al kniediep in die water.

En die water het bly kom. Hoër en hoër.

Ons het gesien hoe een tannie se huis se mure ingeval het. Dit was 'n ou huis, ek dink dit was 'n gebou van modder en klip, wat al toeka se jare daar gestaan het. Uiteindelik was daar net 'n murasie oor.

In daardie dae is daar mos nog berigte uitgesaai wanneer daar na iemand gesoek word. Dit sou as volg klink:

"Daar word gesoek na mnr en mev Johan Pieterse op reis tussen Makwassie en Leeudoringstad in 'n rooi Datsunbakkie. Hulle moet dadelik hulle dogter skakel. Die oproep staan in verband met hulle seun, Dawid."

Ek dink julle sal bogenoemde onthou.

Ons het 'n soortgelyke donkerhumor grappie gehad: "Daar word gesoek na mnr en mev Johan Pieterse op reis tussen Kroonstad en Bothaville in 'n rooi teëldak huis."

Dit was seker nie die regte tyd vir grappies nie, maar daar was baie.

Hoe ken jy 'n Bothaviller uit? Hy is die een met opdrifsels om sy lyf.

Tannie Traut het 'n klomp weke voor die vloed 'n nuwe vrieskas aangekoop. Die afleweraar moes 'n paar deure se skarniere verwyder om die vrieskas tot in die spens te kry. Toe die vloed verby is, staan die vrieskas netjies in die badkamer. Ek weet glad nie wat die uiteinde van die vrieskas was nie.

Ek het gesien hoe water 'n teerpad kan oprol. Sommer saam met die ligpale. Ek sou nie kon dink dat dit moontlik was, tensy ek dit met my eie oë gesien het nie.

Die Elgo hotel, in daardie dae 'n spogplek, het 'n klein saal in die kelder gehad. Die hotel is in die eerste blok vanaf die rivier geleë. Tussen die hotel en die rivier was die rolbalbane. Die water het oor die rolbalbaan gestroom tot binne-in die hotel. Die keldersaal was vir jare daarna nog klam en mufferig van die water.

Nouse dae sien ek dat mense hulle huis op die oewer van 'n rivier of stroompie of dam bou. Ek kry koue rillings as ek aan '88 se vloed dink. As die watervlak styg, moet jy trek. Dit gaan nie help dat jy daar bly en kyk tot waar die watervlak gaan styg nie. Vat maar jou klere en gewere en soek droë grond.

Ek weet dat 'n huis wat daar gebou is, 'n pragtige uitsig het. En die gekabbel van



water is strelend en rustig. Die eienaars reken dat hulle die afgelope 5 of 10 of 50 jaar se vloedstudies gedoen het en dat hulle hoog bo die vloedlyn geleë is.

Ander mense bou maar net hulle huise naby aan die water omdat dit is waar hulle 'n oop plek kan kry waar hulle kan bly. Hulle timmer 'n huisie daar met die materiaal wat hulle kan bekostig. En wanneer die water kom, verloor hulle dalk alles.

Dit geld vir die ghrênd huise ook.

Dit help ook nie dat jy, nadat jy gewaarsku was teen vloede, jou hande in onkunde in die lug gooi en aalmoese vra omdat jy nie kon dink nie. Jammer, ek klink effens ongevoelig. Ons mensekinders moet vir onsself begin dink. Al is dit hoe moeilik.

Ek wens vandag dat almal die krag en die mag van water kan besef en twee keer sal dink wanneer hulle naby water bou. Jy kan nie man-alleen daarteen veg nie. Ek wens dat jy vir jouself sal kan dink.

Vra maar diegene wat in '88 in Bothaville of Kroonstad gewoon het. Vra maar diegene wat in 2022 in KZN se vloede betrokke was. Mense wat eerstehand die verwoesting van 'n massa water ervaar het.

Dis man teen muis. Dawid teen Goliat.

Ek het al die verwoesting gesien. Jy ook dalk.

Hierdie skrywe sal onvolledig wees indien ek nie weer na ons Skeinattoets verwys nie. Ek is bly om te kan rapporteer dat ons toe nie die Maandag nà die vloed ons Skeinattoets geskryf het nie.

Ek was nie die enigste een wat bly was daaroor nie.

# Atlete blink uit - Op pad SA'S toe!

Hoërskool Heilbron is baie trots op drie van hul uitblinkende atlete wat hierdie jaar die geleentheid het om aan die Suid-Afrikaanse Skole-atletiekkampioenskappe (SA'S) deel te neem. Siphilele Dhlamini, Jurie Jonker en Elné du Plooy het hul plekke in die Vrystaatspan verwerf na uitmuntende vertonings op die veld.

Siphilele Dhlamini is gekies om die Hoërskool in die Vrystaat-atletiekspan te verteenwoordig vir O/19-hoogspring, terwyl Jurie Jonker en Elné du Plooy opgeneem is in die Vrystaat-atletiekspan vir die O/13-diskus.







## Troukoors

Eben en Mienké Claassen, albei Heilbronners is op 8 Maart 2025 vanuit die NG-Suid kerk getroud.

Ds. Paulus Burger van Pretoria-Oos gemeente het die huweliksbevestiging gedoen. Na die diens is daar 'n bruilofsfees op die plaas Schoongezicht gehou.

Mienké is die dogter van Jeff en Nonna Roos van Heilbron. Eben is die seun van Johnny en Hannalie Claassen van Heilbron.

Die egpaar vestig hulle in Heilbron.



# Huppel Trippel praat oor gifstowwe rondom ons

Mens staan verstom wanneer jy begin dink oor gifstowwe waarmee ons daagliks te doen kry. Gifstowwe soos skoonmaakmiddels - soos bv dié waarmee jy jou stoof skoonmaak, blikkies aerosol insekweerders wat jy per abuis inasem en nog talle meer. Dan dink ons nog nie eens aan die giftige plante in ons tuine nie. Plante soos selonsroos, seringbessies, olifantoor, delicious monster, varkoor, en nog meer. Dan is daar nog die dinge waarvoor ons óf sensitief of allergies is. Dinge soos skulpvis, laktose, gluten, kunsmatige versoeters...noem maar op. Gelukkig is daar die ligkant ook. Ons is mos planmakers wat innoverende planne kan maak om hierdie dinge te systap of heeltemal te vermy. Uiteindelik het die gesprek 'n hele paar *aha's* uitgelok. Dis die lekker van by mekaar kers opsteek. Op 25 Maart word ons program genoem: **Ken jou kunstenaar**. Dan word daar 'n paar leidrade gegee; en moet die lede uitwerk oor watter kunstenaar daar gepraat word. Kom kuier gerus saam en toets jou kennis.



*Almal gesels entoesiasties saam en Magdaleen van Rensburg wil 'n bydrae maak.*










# Rioolstortings bly 'n krisis - DA

"Heilbron benodig lank reeds 'n effektiewe platform waarop inwoners en raadslede probleme met munisipale dienste kan aanmeld." Só sê DA-raadslid Robert Ferendale. "Op die oomblik het ons dit nie, en dit benadeel die dorp en frustreer inwoners."

Hy kla die huidige stelsel "werk uiters swak". Hy sê hy meld byna daagliks probleme met byvoorbeeld verstopte rioolpyplyne aan. Sulke probleme bring dikwels mee dat rou riool by inspeksiegate uitsypel, of selfs sterk uitstroom, en dan straataf vloei, en soms in tuine en erwe eindig, as 'n onwelriekende gevaar. "Dis 'n gemors, want soms gebeur daar weke lank niks nie, en die rioolstorting is onooglik en 'n gevaar vir gesondheid."

Ferendale sê daar is tans lekkende rioolinspeksiegate op verskeie plekke in die dorp, en die verstoppings neem "soms weke" alvorens dit aangespreek word. Intussen besoedel dit die omgewing, wat lei tot gevaar vir mens en dier. Hy meen elke verstopte rioolpunt moet as krisis hanteer en onmiddellik aangespreek word.

Hy vra vir teikentye vir Ngwathe in 'n meer kragdadige poging om rioolprobleme te takel en op te los so gou iemand dit aanmeld. "Hoekom kan dit nie aandag kry byvoorbeeld binne die eersvolgende werksdag na aanmelding nie?" vra hy.

"Dis nie wat nou gebeur nie." Een rede daarvoor is dat daar nie 'n effektiewe platform is vir die aanmeld van probleme nie.

"Ek en my DA-kollega Raadslid Joseph Mbele (ook van Heilbron) sal aanhou veg hiervoor."

In DA-beheerde munisipaliteite ontvang verstopte rioolpype, en ook ander klagtes, onmiddellike aandag sodra dit aangemeld is. "Dit kan en moét hier ook gebeur."

Intussen duur die probleem met afval wat nie verwyder word nie voort, in sommige areas in Heilbron nou byna 'n maand al. "Daar is blykbaar meganiese probleme met die vullistrok," sê Ferendale. "Ons druk vir 'n spoedige oplossing."

E&E
REKENMEESTERS
Tel: 058 853 0931/2/3
Breëstraat 53, Heilbron
BELASTING KLERK
VAKATURE
Verantwoordelikhede
• Data vaslegging
• Opstel van Finansiële state
• Indien van belastingopgawes
• Kantooradministrasie
Vaardighede
• MS Office (Word, Excel)
• Pastel / TurboCash
• Kennis oor SARS Efiling
• Rekenaarvaardig
• Goeie menseverhouding en Kommunikasie
• Akkuraatheid van werk
• Rekeningkundige en belasting ondervinding sal voorkeur geniet.
Geskikte kandidate kan CV's epos na ezele@heilbron.co.za of inhandig by E&E Rekenmeesters se kantoor in Breëstraat.
Aansoeke sluit 14 Maart 2025

E&E
REKENMEESTERS
Tel: 058 853 0931/2/3
Breëstraat 53, Heilbron
DEBITEURE KLERK
VAKATURE
Verantwoordelikhede
• Invordering van rekenings
• Hanteer van fakture & rekenings
• Kantooradministrasie
Vaardighede
• MS Office (Word, Excel, Outlook)
• Pastel / TurboCash
• Rekenaarvaardig
• Goeie menseverhouding en Kommunikasie
• Akkuraatheid van werk
• Debiteure klerk ondervinding sal voorkeur geniet.
Geskikte kandidate kan CV's epos na ezele@heilbron.co.za of inhandig by E&E Rekenmeesters se kantoor in Breëstraat.
Aansoeke sluit 14 Maart 2025

# Esther gelukkige wenner



Dries Cilliers van OJ's Meat het onlangs 'n gelukkige trekking gehou, waar Esther Puduma as die wenner aangewys is. Die trekking was eenvoudig, enigiemand wat 'n item of vleisproduk by OJ's gekoop het, is outomaties in die trekking ingesluit vir 'n R500-geskenkbewys by OJ's.

*Op die foto van links na regs. Johan Modibedi (Blokman), Esther Puduma (Wenner) en Alma van den Berg (Bestuurder).*

**ARTIKEL 102 MYNREG-WYSIGINGSAANSOEK DEUR MIDDEL VAN OMVANGSBEPALING - EN OMGEWINGSIMPAKSTUDIE PROSES VIR DIE VOORGESTELDE UITBREIDING VAN DIE KOPPIES BENTONIETMYN, KOPPIES, NGWATHE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT, VRYSTAAT PROVINSIE**
**DMRE Verw NO: FS-00091-MR 102**

Kennis word hiermee gegee dat Matsopa Minerals (Edms) Bpk (die Aansoeker) 'n aansoek ingedien het vir die wysiging van hul bestaande Mynreg (DMRE verw: FS 30/5/1/2/2/004 MR) en Omgewingsmagtiging (EA), onderhewig aan 'n Omvangsbepaling en Omgewingsimpakstudie (S&OIE) proses, vir die voorgestelde uitbreiding van die Plaas Goudlaagte 238 en die Plaas Verdeel 278, geleë naby die dorp Koppies binne die jurisdiksie van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, Vrystaat Provinsie. Die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DMRE) is die Bevoegde Owerheid (CA) vir hierdie aansoek. Die voorgestelde projek sal die uitbreiding van die myngebied na die bogenoemde eiendomme behels. 'n Aansoekvorm vir die bogenoemde projek is by die DMRE ingedien en is daarna deur die Departement op Maandag 17 Februarie 2025 aanvaar met die aansoekverwysingsnommer: FS-00091-MR/102. Aanvaarding van die aansoek dui op die aanvang van die S&EIA-proses.

Die aansoek sal geskied na gelang van die volgende wetlike vereistes:

- Nasionale Omgewingsbestuur Wet, 1998 (Wet 107 van 1998) (NEMA) en die Omgewingsimpakassesseringregulasies (EIA) 2014 (soos gewysig in 2017):
  - Kennisgewing 1 (GN R. 983): Gelyste aktiwiteit nr . 28;
  - Kennisgewing 2 (GN R. 984): Gelyste aktiwiteite nr . 4, en 17;
  - Kennisgewing 3 (GN R. 985): Gelyste aktiwiteit nr . 4.
- Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne, 2002 (Wet 28 van 2002) en geassosieërde regulasies (MPRDA).

Daarbenewens sal 'n aansoek om 'n Watergebruikslisensie (WUL) wysiging ook onderneem moet word vir gelyste aktiwiteite ingevolge Artikel 21 (a), (c), (f), (g), (i) en (j) van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) (NWA). Die aansoek om 'n WUL-wysiging sal by die Departement van Water en Sanitasie ingedien word vir hul hersiening en besluitneming.

**OPENBARE DEELNAME**

Xerus Consulting (Edms) Bpk is deur die Aansoeker aangestel as die onafhanklike Omgewingsbeoordelingspraktisyn (EAP) om die vereiste S&OIE-proses en gepaardgaande Openbare Deelnameproses (PPP) te onderneem ter ondersteuning van bogenoemde aansoek. Indien u as 'n Belangstellende en Geaffekteerde Party (B&GP) wil registreer, addisionele inligting wil bekom of kommentaar wil lewer op die voorgestelde projek, kontak asseblief die Kantoor vir Openbare Deelname by die besonderhede hieronder verskaf. B&GPe word ook uitgenooi om kommentaar te lewer op die Konsep Omvangbepalingsverslag en Mynregaansoek vir die bogenoemde projek. Die openbare hersieningstydperk sal strek vanaf Vrydag, 14 Maart 2025 tot Maandag, 14 April 2025 (30 dae) ingesluit. Die Konsep Omvangbepalingsverslag is beskikbaar by die volgende plekke:

| Plek | Adres | Kontak nommer |
|---|---|---|
| Koppies Publieke Biblioteek | Dirkie Uys Straat, Koppies 9300 | 056 777 1713 |

Die DSR is ook op die Xerus webwerf beskikbaar onder die volgende skakel :

- https://www.dropbox.com/scl/fo/k75k8ieydz6zb55e979h4/AK3Y5z8fNy-oyC0593YDcac?rlkey=ce3kurmzqf24vi32vcpvllkcq&st=0illohqm&dl=0
- https://www.xerusconsulting.com/resources/
- 'n CD-eksemplaar is op aanvraag beskikbaar. Kontak Richard Myburgh

OPENBARE DEELNEMINGSKANTOOR
Aandag: Richard Myburgh
Tel: 010 447 8550 Epos: public.participation@xerusconsulting.com
Apollo Road, Olifantsfontein, Clayville, South Africa, 1666
Die kantoor is oop gedurende kantoorure (08:00 – 16:00) vanaf Maandae tot Vrydae, publieke vakansiedae uitgesluit.

**SECTION 102 MINING RIGHT AMENDMENT APPLICATION BY MEANS OF SCOPING AND ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT PROCESS FOR THE PROPOSED EXPANSION OF THE KOPPIES BENTONITE MINE, KOPPIES, NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY, FREE STATE PROVINCE**
**DMRE REF NO: FS-00091-MR 102**

Notice is hereby given that Matsopa Minerals (Pty) Ltd (the Applicant) has submitted an application for the amendment of their existing Mining Right (DMRE ref: FS 30/5/1/2/2/004 MR) and Environmental Authorisation (EA), subject to a Scoping and Environmental Impact Assessment (S&EIA) process, for the proposed expansion of the Koppies Bentonite Mine on the Farm Goudlaagte 237, and the Farm Verdeel 278, situated near the town of Koppies within the jurisdiction of the Ngwathe Local Municipality, Free State Province. The Department of Mineral Resources and Energy (DMRE) is the Competent Authority (CA) for this application. The proposed project will entail the expansion of the mining area onto the above-mentioned properties. An Application Form for the above-mentioned project has been submitted to the DMRE and was subsequently accepted by the Department on Monday 17 February 2025 with the application reference number: FS-00091-MR/102. Acceptance of the application marks the commencement of the S&EIA process.

The application will be conducted in accordance with the requirements of the following legislation:

- The National Environmental Management Act, 1998 (Act 107 of 1998) (NEMA) and the Environmental Impact Assessment (EIA) Regulations, 2014 (as amended):
  - Listing Notice 1 (GN R. 327): Triggered Listed Activity No. 28;
  - Listing Notice 2 (GN R. 984): Triggered Listed Activities No. 4, and 17;
  - Listing Notice 3 (GN R. 985): Triggered Listed Activity No. 4.
- The Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act 28 of 2002) (MPRDA).

In addition to this, an application for a Water Use Licence (WUL) amendment will also be undertaken for triggered listed activities in terms of Section 21 (a), (c), (f), (g), (i) and (j) of the National Water Act, 1998 (Act 36 of 1998) (NWA). The application for a WUL amendment will be submitted to the Department of Water and Sanitation for their review and decision making.

**PUBLIC PARTICIPATION**

Xerus Consulting (Pty) Ltd has been appointed as the independent Environmental Assessment Practitioner (EAP) by the Applicant to undertake the required S&EIA process and associated Public Participation Process (PPP) in support of the above application. Should you wish to register as an I&AP, obtain additional information or comment on the proposed project, please contact the Public Participation Office at the details provided below. I&APs are, in addition, invited to comment on the Draft Scoping Report and Mining Right Application for the abovementioned project. The public review period will run from Friday, 14 March 2025 to Monday, 14 April 2025 (30 days) inclusive. The Draft Scoping Report is available at the following locations:

| Place | Address | Telephone |
|---|---|---|
| Koppies Public Library | Dirkie Uys Street, Koppies 9300 | 056 777 1713 |

The DSR is also available on Xerus Website at the following link:

- https://www.dropbox.com/scl/fo/k75k8ieydz6zb55e979h4/AK3Y5z8fNy-oyC0593YDcac?rlkey=ce3kurmzqf24vi32vcpvllkcq&st=0illohqm&dl=0
- https://www.xerusconsulting.com/resources/
- A CD copy is available upon request. Please contact Richard Myburgh

PUBLIC PARTICIPATION OFFICE
Attention: Richard Myburgh
Tel: 010 447 8550
Email: public.participation@xerusconsulting.com
Apollo Road, Olifantsfontein, Clayville, South Africa, 1666
The Office is open during office hours (08:00 – 16:00) from Monday to Friday, excluding Public Holidays.

Pleinstraat 38, Heilbron
060 341 1066
FREE DELIVERY IN HEILBRON TOWN ONLY
De Kleine Bistro
Altyd Smaaklik.
SCAN ME
VISIT OUR WEBSITE

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In die boedel van wyle **PHILLIPPUS PETRUS VAN DER MERWE**
Identiteitsnommer: **490622 5099 08 8**
Getroud buite gemeenskap van goedere
Van: **Cilliersstraat 26, Heilbron**
Wie oorlede is op: **22 Desember 2024**
in lewe 'n prokureur
**BOEDELNOMMER: 000321/2025**
Alle persone wat vorderinge teen bogemelde boedel het, word aangesê om bedoelde vorderinge binne 30 (Dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan by ondergetekende in te dien.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.**
**ELSSTRAAT 47,**
**POSBUS 58, HEILBRON, 9650**
**VERW: PPvdM/ne**
**TE: 058 852 2041**
**E-POS: merlaw@phillaw.co.za**

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die gesamentlike boedel van **ISAK THOMAS HEYMANS, Identiteitsnommer 491215 5063 086,** wie getroud was binne gemeenskap van goedere met **MARGARET MOIRA HEYMANS, Identiteitsnommer 480726 0040 088,** in lewe 'n pensioenaris van Kerkstraat 22, Lindley 9630.
**BOEDELOMMER: 002818/24**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros te Reitz vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**MARISSA ERASMUS**
**ENSLINS RIEMLAND INC**
**33 SAREL CILLIERSSTRAAT, REITZ, 9810**
**POSBUS 400, REITZ, 9810**
**VERW: HEYM1/0001**

*Form J193*

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
**Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 001131/2024
**Surname:** Sefatsa
**First Names:** Tsilo Abram
**Date of Birth:** 1949-02-18
**ID Number:** 490218 5561 084
**Last Address:** 921 Mkhize Street Phiritona, Heilbron, Free State
**Date of Death:** 2023-12-12
**Master's Office:** Bloemfontein, Free State Province
**Name of Executor or Authorised Agent:** Noxolo Patience Silevu
**Address of Executor or Authorised Agent:** 567 President Reitz Avenue Unit 1, Canterbury Park, Westdene, Bloemfontein, 9301
**Period allowed for lodgement of claims, if other than 30 days:** 21 Days
**Advertiser Name:** Noxolo Patience Silevu
**Advertiser Address:** 5 Duiker Avenue, Woodlands Hills Wild Life Estate, Bloemfontein, 9301
**Advertiser E-Mail:** noxolom@maduba-attorneys.co.za
**Date Submitted:** 2025-03-06
**Tel:** 051 430 7961
**Publication in the Government Gazette on:** 2025-03-14







**Jaarbeplanner 2025**

**MAART**
- 19 Mrt. - Huis- & Tuinbouklub

**APRIL**
- 16 Apr. - Huis- & Tuinbouklub

**MEI**
- 13 tot 16 Mei - Nampo Bothaville
- 21 Mei - Huis- & Tuinbouklub

**AUGUSTUS**
- 20 Aug. - Huis- & Tuinbouklub


**SEPTEMBER**
- 17 Sept. - Huis- & Tuinbouklub

**OKTOBER**
- 15 Okt. - Huis- & Tuinbouklub

**NOVEMBER**
- 19 Nov. - Huis- & Tuinbouklub

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die- hand-transaksies of veiling navrae!




**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**

**ENKEL WOONSTEL TE HUUR**

**Raubenheimerstraat 127 Heilbron**
Gratis water. Prepaid krag.
Afdak vir parkering.
Prys R3 000 per maand.
**Skakel 082 870 0454**

**VAKATURE**

HUIS BRON VAN HEIL

Algemene Handyman

Huis Bron-van-Heil beskik tans 'n pos vir 'n Algemene "Handyman".

Salaris R6 000 per maand (Onderhandelbaar).

**Stuur CV na:**
huisbron@jenny.co.za

**Sluitingsdatum:** 24 Maart 2025.

# SMALLS

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading

**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**

Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***









# HERALD Sport










Vir enige nuus en advertensies
vir die Heilbron Herald.
Kontak gerus vir Hendie by 071 175 9807
of heraldnuus@heilbron.co.za




**BESIGHEIDSURE**
MAANDAE - VRYDAE:
08:00 -16:30
SATERDAE:
09:00 -12:00

Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006




## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**
Elsstraat 44, Heilbron | Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National




## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2025 JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 15 MAART, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 12 APRIL, | 09:00 | RIEMLAND OPE PRYSSKIET/SPANSKIET |
| 17 MEI, | 09:00 | CHASA KWALIFISERING/VERBETERING |
| 31 MEI, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 5 JULIE, | 09:00 | LANGAFSTANDSKIET |
| 16 AUGUSTUS, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 13 SEPTEMBER, | 09:00 | JEUGSKIETDAG |
| 4 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 7 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 19 22

## BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

### BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 17 MAART 2025**
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 18 MAART 2025**
DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

**WOENSDAG - 19 MAART 2025**
ROSENDAL 2-Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

BULTFONTEIN twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

STANDERTON: J&L TREKKERS EN TROKKE
ALGEHELE UITVERKOPING EIENDOMME,
GEREEDSKAP EN LOSGOED
11:00, 39 Coligny straat
Kontak Tiaan Heineman 083 381 9322

**DONDERDAG - 20 MAART 2025**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

DANIËLSRUS Kwartaallikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

**VRYDAG - 21 MAART 2025**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

